

21 November 2021

# FAMILIE TUISBLAD



## 2 Samuel 23:1-7

### 2 Sam 23: 1-7 God se koningskap (God voorsien)

Julle het seker al gehoor hoe mense sê dat woorde saak maak. Het jy al daaraan gedink dat laaste woorde ook saak maak? Gesels saam oor wat jy graag wil hê moet jou laaste woorde wees as jy nou skielik jou stem gaan verloor? Of dalk het jy al gedink watter slagspreuk op jou grafsteen moet staan?

Laaste woorde verklap wat vir ons belangrik is. In vandag se teks lees ons oor koning Dawid se laaste woorde. Koning Dawid was 'n geliefde koning van Israel.

### Lees: 2 Sam 23:1-7 'n Verbond vir altyd

#### Gesels:

- Wat weet julle alles van Dawid? Wat het hy alles in sy lewe bereik?
- Waarvan of van wie praat Dawid hier in sy laaste woorde?
- Wat beteken dit vir jou dat Jesus jou koning is?
- Dawid onthou dat God vir hom voorsien het. Hoe voorsien God vir jou?

### Doen: Omkring al die woorde in die teks wat God se koningskap (in Christus) beskryf.

**Bid:** Gebruik nou dié woorde om saam te bid en aan Jesus as Koning eer te bring. Julle kan ook 'n lied saam sing wat vertel dat Jesus koning is.

**Doen idee vir kinders:** Maak 'n lang reghoek wat om jou kop soos 'n kroon sal kan pas. Jy gaan dalk twee stukke papiere vas aanmekaar moet kram. Kleur dit in en dink aan koning Dawid se laaste woorde. Skryf op die deel wat agter jou kop kom: "God voorsien."

---

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **mense in die Bybel se laaste woorde** op die **DinkJeug Familie App**.

---

#### Laai die app hier af:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by [www.nous.org.za](http://www.nous.org.za)